Bybel vir Kinders
bied aan

Daniël die Gevangene



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Jonathan Hay

Aangepas deur: Mary-Anne S.

Vertaal deur: Gert Badenhorst

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Daniël en sy drie vriende het in Israel gewoon. Eendag het 'n magtige koning na hulle land toe gekom en al die slim jongmanne weggeneem na sy land toe.

Die koning het 'n lang naam gehad - Nebukadnesar - en hy het in 'n ver land, Babilonië, gebly.

Die jongmanne is baie goed behandel in die hoofstad Babel. Die koning het die slimste en beste jongmanne uit elke land in die wêreld uitgesoek.



Dit was sy plan om hulle die taal van Babilonië te leer, sodat hulle sy amptenare kon word en hom kon help om die koninkryk te bestuur.



Die kos was ook goed. Die jongmanne het dieselfde kos as die koning gekry. Maar Daniël en sy vriende wou dit nie eet nie, omdat valse gode se seën daaroor gevra is.

Daniël het hom voorgeneem om nooit aan God ontrou te wees nie. Die God van Israel het sy volk beveel om niks te doen te hê met enige afgode nie.

Daniël het die man in beheer van hulle opleiding toestemming gevra om nié die koning se kos te eet nie.



Die koning sou baie kwaad wees as hy hiervan sou uitvind. Maar God het gesorg dat dié man goedgesind teenoor Daniël was.



Hy het ingestem om met Daniël en sy vriende 'n toets te doen. Hulle sou vir tien dae net groente eet en net water drink.



Ná tien dae het Daniël en sy vriende baie gesonder gelyk as die ander jongmanne wat die koning se kos geëet het. Hulle is toe toegelaat om verder net groente en water te gebruik.



Hierdie jongmanne het God geëer. En God het hulle geëer. God het vir hulle verstand en insig gegee, en Daniël het wysheid ontvang om alle drome en visioene te verstaan.



Ná drie jaar opleiding in Babel is al die jongmanne aan koning Nebukadnesar voorgestel.

Hy het gevind Daniël en sy drie vriende is die beste van hulle almal.

Om die waarheid te sê, hy het gevind Daniël het meer wysheid as al die wyse raadgewers in sy koninkryk.

Een nag het die koning 'n ontstellende droom gehad. Hy het sy wyse manne, die sterrelesers en die towenaars, voor hom laat bring.

Toe sê die koning: “Ek het ‘n droom gehad, en ek is angstig om dit te verstaan.”

Sy raadgewers antwoord toe: “Mag die koning baie lank lewe! Vertel ons die droom, dan sal ons dit vir u uitlê.”

Maar toe sê die koning: "Nee! Julle moet vir my sê wat ek gedroom het en wat dit beteken. As julle dit nie kan doen nie, sal ek julle in stukke laat kap en julle huise laat afbrand.

Maar as julle vir my kan sê wat die droom is en wat dit beteken, sal ek julle met geskenke en groot verering beloon."

Natuurlik kon niemand van die wyse manne die koning vertel wat hy gedroom het nie.

Die koning se wyse raadgewers sê toe vir hom: "Daar is niemand op aarde wat kan doen wat u vra nie. Net die gode kan dít doen, en hulle lewe nié op die aarde nie."

Die koning was woedend. "Maak al die wyse manne van Babel dood!" het hy beveel.

Toe die soldate Daniël wou vang, vra hy vir Arjok, die hoof van die koning se lyfwag: "Waarom maak die koning al sy wyse manne dood?"

Arjok vertel toe vir Daniël wat gebeur het. Daniël het toe die koning gaan sien en vir meer tyd gevra, sodat hy vir die koning die betekenis van sy droom kon uitlê.

Daniël is toe eers huistoe en het alles vir sy vriende Sadrag, Mesag en Abednego vertel.

Daniël het nie geweet wat die droom of sy betekenis was nie, maar hy het Iemand geken wat alles weet!

Daardie Iemand is God.
Daarom het Daniël en sy vriende gebid.

God het die droom en sy betekenis aan Daniël bekend gemaak.

Daniël het die God van die hemel geprys: "Mag die Naam van God altyd geprys word, Hy aan Wie die wysheid en mag behoort!"

Daniël is toe haastig na die koning toe en sê vir hom: "Daar is 'n God in die hemel wat geheime kan openbaar."

Hy het die koning toe vertel wat hy gedroom het én wat dit beteken.

Toe koning Nebukadnesar die droom en sy betekenis hoor, het hy diep voor Daniël gebuig en gesê: "Werklik, julle God is die grootste van al die gode en die Here oor konings, want jy kon hierdie geheim bekend maak!"

Toe het die koning groot eer en baie geskenke aan Daniël gegee. Hy het hom as goewerneur oor die provinsie Babel aangestel en hom hoof gemaak oor al die koning se raadgewers in Babel.

Daniël die Gevangene

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Daniël 1-2

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God!
Johannes 3:16